Kixpirasie Kwartaal 2, 2021

Kix-leiers is soos knope – ons hou alles bymekaar. Maak nie saak watter tipe persoon (of knoop) jy is nie, blink of gewoon, groot of klein - God wil jou gebruik! Jy voel dalk jou rol is gering, maar saam knoop ons kinders en die evangelie aan mekaar.

Ons moet weet hoe om alles **oop te knoop** en so gou moontlik weer met Kix-groepe begin – terwyl ons dink hoe om die kinders bymekaar te kry en die gemeenskap se Covid-getalle asook die Covid-maatreëls (maskers, sosiale afstand ens.) in ag te neem.

Kix-leiers gebruik die 4 dele van ‘n Kix ontmoeting:

Welkom – Laat kinders tuis voel – **knoop** die **groepies** aan mekaar!

Wyding – Aanbid God saam en help die kinders om ‘n **konneksie** met **God** te maak.

Woord – **Knoop** die basiese **boodskap** van die teks vas met ‘n kreatiewe boodskap.

Werskaf – **Knoop** die **waarheid** aan hulle leefwêreld vas op ‘n praktiese manier met die aktiwiteite of *crafts*.

Met alles binne-in my wil ek aan U vashou. U dra my deur die lewe. Psalm 63:9

Mag jy aan die Here vashou, en onthou dat jy altyd ook aan Hom vasgeknoop is!